# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — WINDHOEK — UITGAWE OP GESAG

30c — Tuesday 1 February 1983 — Dinsdag 1 Februarie 1983 — No. 4743


CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**


No. AG. 29 Amendment of regulations in connection with General Levy on Export of Karakul Pelts published under Government Notice AG. 112 of 1980 — 2

No. AG. 30 Amendment of Special Levy under the Meat Industry Act, 1981 — 2

No. AG. 31 Amendment of amounts of Levy and Special Levy under the Karakul Pelts and Wool Act, 1982 — 3

No. AG. 32 Amendment of General Levy under the Meat Industry Act, 1981 — 3

No. AG. 33 Amendment of regulations made under the Land Bank Act, 1944 — 4

No. AG. 34 Appointment of members of the South West African Council for Architects and Quantity Surveyors — 4


**GENERAL NOTICE**


No. 6 Municipality of Gobabis: Acceptance of Draft Town Planning Scheme — 5


INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**


No. AG. 29 Wysigings van regulasies in verband met Algemene Heffing op Uitvoer van Karakoelpelse afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 112 van 1980 — 2

No. AG. 30 Wysiging van Spesiale Heffing kragtens die Wet op die Vleisbedryf, 1981 — 2

No. AG. 31 Wysiging van bedrae van heffing en Spesiale Heffing kragtens die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982 — 3

No. AG. 32 Wysiging van Algemene Heffing kragtens die Wet op die Vleisbedryf, 1981 — 3

No. AG. 33 Wysiging van die regulasies gemaak kragtens die Landbankwet, 1944 — 4

No. AG. 34 Aanstelling van lede van die Suidwes-Afrikaanse Raad vir Argitekte en Bourekenaars — 4


**ALGEMENE KENNISGEWING**


No. 6 Munisipaliteit van Gobabis: Aanvaarding van Konsep Dorpsbeplanningskema — 5


## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 29 1983

### AMENDMENT OF REGULATIONS IN CONNECTION WITH GENERAL LEVY ON EXPORT OF KARAKUL PELTS PUBLISHED UNDER GOVERNMENT NOTICE AG. 112 OF 1980

The Administrator-General has under section 22(1)(d), read with section 18(2) of the Karakul Pelts and Wool Act, 1982 (Act 14 of 1982), amended the regulations published under Government Notice AG. 112 of 1980 -

(a) by the deletion of regulation 4; and

(b) by the substitution in Column 1 of Annexure A of the Schedule for the dates "22 August" and "23 August" of the dates "12 August" and "13 August", respectively.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 29 1983

### WYSIGINGS VAN REGULASIES IN VERBAND MET ALGEMENE HEFFING OP UITVOER VAN KARAKOELPELSE AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWING AG. 112 VAN 1980

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 22(1)(d), gelees met artikel 18(2), van die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982 (Wet 14 van 1982), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 112 van 1980 gewysig -

(a) deur regulasie 4 te skrap; en

(b) deur in Kolom 1 van Aanhangsel A van die Bylae die datums "22 Augustus" en "23 Augustus" deur, onderskeidelik, die datums "12 Augustus" en "13 Augustus" te vervang.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 30 1983

### AMENDMENT OF SPECIAL LEVY UNDER THE MEAT INDUSTRY ACT, 1981

Under section 17 of the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981), the Administrator-General hereby amends, with effect from 1 February 1983, the amounts of the special levy imposed under Government Notice AG. 13 of 1982 by the substitution in the Schedule to the said Government Notice for the amounts "R0,43", "R0,08" and "R0,19" of the amounts "R0,78", "R0,09" and "R0,34", respectively.

D.J. HOUGH
Administrator-General Windhoek, 25 January 1983

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 30 1983

### WYSIGING VAN SPESIALE HEFFING KRAGTENS DIE WET OP DIE VLEISBEDRYF, 1981

Kragtens artikel 17 van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981), wysig die Administrateur-generaal hierby met ingang van 1 Februarie 1983 die bedrae van die spesiale heffing opgelê by Goewermentskennisgewing AG. 13 van 1982 deur in die Bylae by genoemde Goewermentskennisgewing die bedrae "R0,43", "R0,08" en "R0,19" deur, onderskeidelik, die bedrae "R0,78", "R0,09" en "R0,34" te vervang.

D.J. HOUGH
Administrateur-generaal Windhoek, 25 Januarie 1983

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 31 1983

### AMENDMENT OF AMOUNTS OF LEVY AND SPECIAL LEVY UNDER THE KARAKUL PELTS AND WOOL ACT, 1982

Under section 18, read with section 26(2), of the Karakul Pelts and Wool Act, 1982 (Act 14 of 1982), the Administrator-General on the recommendation of the Karakul Board of South West Africa, hereby amends the amounts of the levy and special levy imposed under Government Notice AG. 15 of 1982 with effect from 1 February 1983 by the substitution in the Schedule to the said Government Notice for the amounts "4.56c" and "63.44c" of the amounts "9.63c" and "58.37c", respectively.

D.J. HOUGH
Administrator-General Windhoek, 25 January 1983

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 31 1983

### WYSIGING VAN BEDRAE VAN HEFFING EN SPESIALE HEFFING KRAGTENS DIE WET OP KARAKOELPELSE EN WOL, 1982

Kragtens artikel 18, gelees met artikel 26(2), van die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982 (Wet 14 van 1982), wysig die Administrateur-generaal op aanbeveling van die Karakoelraad van Suidwes-Afrika met ingang van 1 Februarie 1983 die bedrae van die heffing en spesiale heffing opgelê by Goewermentskennisgewing AG. 15 van 1982 deur in die Bylae van genoemde Goewermentskennisgewing die bedrae "4.56c" en "63.44c" deur, onderskeidelik, die bedrae "9.63c" en "58.37c" te vervang.

D.J. HOUGH
Administrateur-generaal Windhoek, 25 Januarie 1983

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 32 1983

### AMENDMENT OF GENERAL LEVY UNDER THE MEAT INDUSTRY ACT, 1981

Under section 17 of the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981), the Administrator-General hereby amends with effect from 1 February 1983, the amounts of the General levy imposed under Government Notice AG. 154 of 1981 by the substitution in the Schedule to the said Government Notice for the amounts "R0.75" "R0.10" and "R0.15" of the amounts "R1.00", "R0.15" and "R0.25", respectively.

D.J. HOUGH
Administrator-General Windhoek, 25 January 1983

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 32 1983

### WYSIGING VAN ALGEMENE HEFFING KRAGTENS DIE WET OP DIE VLEISBEDRYF, 1981

Kragtens artikel 17 van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981), wysig die Administrateur-generaal hierby met ingang van 1 Februarie 1983 die bedrae van die Algemene heffing opgelê by Goewermentskennisgewing AG. 154 van 1981 deur in die Bylae by genoemde Goewermentskennisgewing die bedrae "R0.75", "R0.10" en "R0.15" deur, onderskeidelik, die bedrae "R1.00", "R0.15" en "R0.25" te vervang.

D.J. HOUGH
Administrateur-generaal Windhoek, 25 Januarie 1983

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. AG. 33 1983

### AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE LAND BANK ACT, 1944

The Administrator-General has, under section 69 of the Land Bank Act, 1944 (Act 13 of 1944), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

*Amendment of regulation 9 of Chapter II of the regulations promulgated by Government Notice R.585 of 1964*

**1.** Regulation 9 of Chapter II of the regulations promulgated by Government Notice R.585 of 1964 (hereinafter referred to as the regulations) is hereby amended by the deletion of subregulation (2).

*Repeal of regulation 21 of Chapter IV of the regulations promulgated by Government Notice R.585 of 1964, as amended by Proclamation 147 of 1979*

**2.** Regulation 21 of Chapter IV of the regulations is hereby repealed.

*Commencement*

**3.** These regulations shall be deemed to have come into operation on 1 August 1982.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. AG. 33 1983

### WYSIGING VAN DIE REGULASIES GEMAAK KRAGTENS DIE LANDBANKWET, 1944

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 69 van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944), die regulasies vervat in die Bylae gemaak.

BYLAE

*Wysiging van regulasie 9 van Hoofstuk II van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.585 van 1964*

**1.** Regulasie 9 van Hoofstuk II van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.585 van 1964 (hieronder die regulasies genoem) word hierby gewysig deur subregulasie (2) te skrap.

*Herroeping van regulasie 21 van Hoofstuk IV van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.585 van 1964, soos gewysig by Proklamasie 147 van 1979*

**2.** Regulasie 21 van Hoofstuk IV van die regulasies word hierby herroep.

*Inwerkingtreding*

**3.** Hierdie regulasies word geag op 1 Augustus 1982 in werking te getree het.

## DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 34 1983

### APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE SOUTH WEST AFRICAN COUNCIL FOR ARCHITECTS AND QUANTITY SURVEYORS

It is hereby notified in terms of subsection (5) of section 3 of the Architects and Quantity Surveyors' Act, 1979 (Act 13 of 1979), that the Administrator-General has appointed the persons whose names are mentioned in Column A below for the periods mentioned in Column B below with effect from the dates mentioned in Column C

## DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 34 1983

### AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE SUIDWES-AFRIKAANSE RAAD VIR ARGITEKTE EN BOUREKENAARS

Hierby word ingevolge subartikel (5) van artikel 3 van die Wet op Argitekte en Bourekenaars, 1979 (Wet 13 van 1979), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal die persone wie se name in Kolom A hieronder vermeld word vir die tydperke vermeld in Kolom B hieronder met ingang van die datums vermeld in Kolom C

below as members of the South West African Council for Architects and Quantity Surveyors.

| COLUMN A | COLUMN B | COLUMN C |
|---|---|---|
| Bailey, R.M. | 2 years | 1 March 1983 |
| Blokker, P.J. | 2 years | 1 March 1983 |
| Henrichsen, B.E. | 2 years | 1 March 1983 |
| McNamara, K.S. | 2 years | 1 March 1983 |

hieronder, aangestel het as lede van die Suidwes-Afrikaanse Raad vir Argitekte en Bourekenaars.

| KOLOM A | KOLOM B | KOLOM C |
|---|---|---|
| Bailey, R.M. | 2 jaar | 1 Maart 1983 |
| Blokker, P.J. | 2 jaar | 1 Maart 1983 |
| Henrichsen, B.E. | 2 jaar | 1 Maart 1983 |
| McNamara, K.S. | 2 jaar | 1 Maart 1983 |

# General Notice

No. 6 1983

MUNICIPALITY OF GOBABIS

ACCEPTANCE OF DRAFT TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in term of clause 5 of the Town Planning Regulations No. 102 of 1974 that the Town Council intends, subject to the approval of the Administrator-General to accept the draft Town Planning Scheme.

The Draft Scheme will be open for inspection during normal office hours from Monday to Friday in the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Gobabis.

Any objections or representations must be lodged in writing to the Town Clerk, P.O. Box 33, Gobabis, to reach this office not later than 25 February 1983 at 12h00.

J.A. VAN DER MERWE
TOWN CLERK

GOBABIS
7th January 1983

# Algemene Kennisgewing

No. 6 1983

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS

AANVAARDING VAN KONSEP DORPSBEPLANNINGSKEMA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 5 van die Dorpsbeplanningsregulasies No. 102 van 1974 dat die Stadsraad van voormeme is om onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur-generaal, die Konsep Dorpsbeplanningskema vir Gobabis te aanvaar.

Die konsepskema lê ter insae gedurende normale kantoorure vanaf Maandag tot Vrydag in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale kantore, Gobabis.

Enige besware of vertoë moet skriftelik gerig word aan die Stadsklerk, Posbus 33, Gobabis om hierdie kantoor nie later as 25 Februarie 1983 om 12h00 te bereik nie.

J.A. VAN DER MERWE
STADSKLERK

GOBABIS
7 Januarie 1983